

2 Desember

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 3:18-23
Fokusgedeelte: NGB, Art 33

Die sakramente

Die Nederlandse Geloofsbelydenis praat in Artikel 33 nie baie vleierend oor die mens nie. Ons word as “stompsinnig” beskryf: God het vir ons die sakramente ingestel “omdat Hy met ons stompsinnigheid en swakheid rekening hou”. God wil dus deur die sakramente ons sintuie opnuut instel op ’n waarheid, ’n werklikheid waarvoor ons blind geword het.

In die taal van ons Skrifgedeelte beteken dit: Ons moet “dwaas word” voor ons werklik “wyse” mense kan wees (vers 18). Sulke “dwaasheid” beteken dat jy ’n slag jou gedagtes leeg maak en jou sintuie weg kanaliseer van al die dinge wat jy DINK belangrik is vir ’n suksesvolle lewe. Die meeste mense is so besig met slim planne vir hulle versorging, veiligheid, oorlewing en loopbaan dat hulle innerlike lewe, hulle SINNE, afgestomp raak vir dit wat regtig saak maak.

God hou hiermee rekening. Hy gee ons twee sakramente, twee sigbare tekens wat ineens ons gedagtes, ons sinne, vasgryp en weer rig op die groot offer wat Christus in ons plek gebring het. Dít is wat regtig saak maak! Hierdie sakramente wil die groot waarheid by jou tuisbring dat God Christus vir jou oorgegee het. As Hy dit gedoen het sal Hy mos niks wat goed is van jou af terughou nie! As jy Christus het, dan hét jy mos alles (vers 21-22)!

Omdat die sorg van die lewe jou sinne vir hierdie groot vreugde en waarheid verdoof, gee God sakramente. Só hou Hy met jou stompsinnigheid rekening dat jy vandag geestelik “skerpsinnig” en oop-oog vir die enorme genade wat jou dra, deur die lewe kan gaan!

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)